



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS)

**GRAAD 11
FINALE EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
TWEEDE VRAESTEL
(NMY-79)**

TYD: 09H00 – 11H00

TOTAAL: 70 PUNTE

TYDSDUUR: 2 UUR

DATUM: 11 OKTOBER 2012

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Tweede Vraestel

INSTRUKSIES EN INFORMASIE

Lees die volgende voorskrifte noukeurig deur en voer dit asseblief uit:

1. Skryf die antwoorde in die antwoordboek wat in die eksamen voorsien word.
2. Neem die gegewe punttoekenning vir elke vraag in ag wanneer vrae beantwoord word.
3. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.
4. Begin met die vraag waarvoor die hoogste punt moontlik behaal gaan word.
5. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genummer is.
6. Die punttoekenning van elke vraag sal die lengte van die antwoord bepaal. Verskaf genoeg feite om die totale punte te behaal. Moenie tyd verspil deur meer inligting te gee as wat nodig is nie.
7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Laat 'n reël oop nadat 'n onderafdeling van 'n vraag beantwoord is.
9. Skryf asseblief netjies en leesbaar – ons kan nie onleesbare handskrif merk nie.
10. Die vraestel en notas van enige student wat oneerlik te werk gaan, sal van hom of haar verwyder word. Die Kollege sal dissiplinêre maatreëls toepas om die integriteit van hierdie eksamens te beskerm.
11. Indien daar iets verkeerd is met, of uitgelaat was, in die vraestel of antwoordboek, lig asseblief dadelik die toesighouer in. As die toesighouer nie oor 'n probleem ingelig word nie, sal die Kollege dit nie later kan regstel nie en sal die punte nie aangepas kan word as gevolg van die probleem nie.
12. Hierdie vraestel mag van die eksamenlokaal verwyder word *na* afloop van die eksamen.

Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings: Afdeling A en Afdeling B. Beantwoord **EEN** vraag uit **ELKE** afdeling.

Vraag		Afdeling	Punte
1	Kontekstuele Vraag	A: Kortverhale – <i>FEESMAAL</i> Beantwoord EEN van die vrae	35
2	Langvraag		
3	Kontekstuele Vraag	B: Roman – <i>FIELA SE KIND</i> Beantwoord EEN van die vrae	35
4	Langvraag		
TOTAAL:			70

LET WEL: Jy mag **NIE TWEE LANGVRAE** beantwoord **NIE**. Jy mag wel twee kontekstuele vrae beantwoord.

AFDELING A – KORTVERHALE

(35 PUNTE)

VRAAG 1

Lees die onderstaande gedeeltes uit die genoemde kortverhale deur en voer dan die opdragte wat daarop volg uit. **Jou antwoorde moet altyd op die kortverhaal gebaseer wees.**

POTYSTER SWEIS NIE deur P G DU PLESSIS

Tussen die hope yster in die skrootwerf grawe ek dié dag 'n weggooistofie uit. Oud, mooi, geroes, stukkend. Ek koop hom per gewig, laai hom op die bakkie en ry die plat Wes Transvaalse pad plaas toe vir die derde keer dié week.

- 1.1 Hoekom, dink jy, het die spreker die stofie gekoop? (1)
- 1.2 Gee die rede waarom die spreker besluit om die skoolseun langs die pad op te laai? (1)
- 1.3 Wat doen die skoolseun om nie te wys dat sy kleurbaadjie te klein is nie? (1)
- 1.4 Die seun vertel aan die spreker dat sy pa nie baie handig is nie.
- 1.4.1. Is bostaande stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.4.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 1.4.1. (1)
- 1.5 Watter soort werk, vertel die seun, doen sy pa? (1)
- 1.6 Kies die korrekte antwoord van dié tussen hakies:
- Die seun eet van die (toebroodjies / lekkers / koekies) wat die verteller hom aanbied. (1)
- 1.7 Noem twee sportsoorte, wat die seun vertel, hulle Saterdag by die huis doen. (1)
- 1.8 Verduidelik hoe die verteller die waarheid oor die seun se omstandighede uitvind. (2)

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Tweede Vraestel

DIE KRISMISBOKKIE deur AUDREY BLIGNAUT

Ek hoor voetstappe in die tuinpaadjie, en toe ek opkyk, sien ek dis Pappie wat onder van die motorhuis af kom. Hy het nog sy wit motorjas aan en hy dra 'n platterige kissie.

1.9 Kies telkens die korrekte antwoord van die gegewe moontlikhede. Skryf net die vraagnommer en die letter (A. tot D.) neer:

1.9.1 Dis Woensdagmiddag en Pappie was . . . toe om vir ouma Lenie en tant Sofia-hulle te gaan kuier.

- A. Heuningrug
 - B. dorp
 - C. Elandsdrif
 - D. ouetehuis
- (1)

1.9.2 Die bababokkie wat Pappie vir Kleinboet bring, is 'n . . .

- A. rooibokkie.
 - B. grysbokkie.
 - C. duikertjie.
 - D. springbokkie.
- (1)

1.9.3 Rietman, die bokkie, was veral baie lief om . . . te eet.

- A. boomblare
 - B. roosblare
 - C. grasstingels
 - D. angeliere
- (1)

1.10 Kies die korrekte woord tussen hakies:

Rietman verskyn skielik (Kersfeesoggend / Nuwejaarsoggend) in die tuin. (1)

1.11 Pas die beskrywing in Kolom B by die name in Kolom A. Skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer:

Kolom A	Kolom B
1.11.1 Rothman	A. die winkeleienaar
1.11.2 Sandhoogte	B. die kinders kry 'n bokkie hier
1.11.3 Nuwedorp	C. waar hulle die kersboom afkap

(3)

MY MAN IS IN LAVENTEL deur MADELEINE VAN BILJON

In alle eerlikheid moet ek erken dat ek ook geen wafferse pasiënt is nie.

1.12 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en gee elke keer 'n **REDE** vir jou antwoord:

1.12.1 Hierdie verhaal word deur 'n derdepersoonsverteller vertel. (2)

1.12.2 Die ma in hierdie gesin is 'n goeie verpleegster. (2)

1.12.3 Die verteller se man kook graag eksotiese disse. (2)

1.13 Voltooi die volgende paragrafie deur elke keer net EEN woord in te vul:

Toe die moeder siek is, wil die vader en die kinders vir haar 'n heerlike ete voorberei. Die dis wat hulle maak, benodig die kruid **1.13.1** _____. Sy laat vir hulle weet dat dit langs die **1.13.2** ____-boom groei.

As haar gesin dit nie vind nie, laat sy vir hulle weet dat daar twee bossies kruie agter die pietersielie groei. Die een met die liggrys, sagte blare is die **1.13.3** _____ en die ander bossie is die een wat hulle soek.

Sy het egter 'n voorgevoel dat hulle nie die regte kruid gaan opspoor nie!

(3)

1.14 1.14.1 Het die vader en kinders toe die regte kruid in die kos gebruik? (1)

1.14.2 Motiveer jou antwoord in vraag 1.14.1. (1)

TWEE GESIGTE deur ELISE MULLER

Die mallemeule het gekom. Dit het mooi gelyk op die groen gras, want die hoë ronde gevaarte was helder rooi en geel geskilder. Soos die meeste ander kinders van die dorp het Rinatjie en haar vriendin, Rosa die middag toe dit daar opgeslaan is, na die uitspanplek geloop.

1.16 Rinatjie het by Rosa gehoor dat die mallemeule na hulle dorp toe kom.

1.16.1 Is bostaande stelling WAAR of ONWAAR? (1)

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Tweede Vraestel

- 1.16.2 Motiveer jou antwoord in vraag 1.16.1 met feite uit die verhaal. (1)
- 1.17 Hoeveel het dit vir die volgende persone gekos om een rit op die mallemeule te ry?
- 1.17.1 volwassenes (1)
- 1.17.2 kinders (1)
- 1.18 Kies die korrekte antwoord van die gegewe moontlikhede. Skryf net die vraagnommer en die letter (A. tot D.) neer.
- Rosa het geld gehad om . . . keer op die mallemeule te ry!
- A. twee
B. vier
C. vyf
D. tien (1)
- 1.19 Verduidelik waarom hierdie kortverhaal se titel "Twee gesigte" is deur te verwys na die **gebeure aan die einde** van die verhaal. (2) [35]

OF

VRAAG 2

'N TUISNYWERHEID LANGS DIE PAD deur RIANA SCHEEPERS

Die kind is op pad na die indali, die markplek onder die koraalboom langs die teerpad waar die mense vrugte en kleipotte en grasmatte aan die mense van die pad verkoop. Hy gaan sy vis daar verkoop.

Die seun in hierdie kortverhaal tree baie selfsugtig op.

Skryf nou 'n OPSTEL van **250 tot 300 woorde** en vertel waarom die seun by die indali was en waarom ons kan sê dat hy **selfsugtig** opgetree het. Gee voorbeelde uit die kortverhaal om jou standpunte te ondersteun.

Jou opstel moet 'n **inleiding** en 'n **slot** bevat. [35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B – ROMAN

(35 PUNTE)

FIELA SE KIND deur DALENE MATTHEE

Lees die onderstaande uittreksels uit bogenoemde roman deur en voer dan die opdragte noukeurig uit. Alle antwoorde moet op die roman gebaseer wees.

VRAAG 3

Die kind (Benjamin) het sy potblou oë na haar gedraai asof hy by haar wou pleit om hom los te kry.

Selling het verslae nader geskuifel en met die lange gepraat.

"Julle maak die kind bang, baas. Hy ken nie 'n ander ma nie, hy ken net vir Fiela."

Die lange het die boek toegeklap en die inkpot opgetel. "Ons gaan môre terug Knysna toe, ons sal gaan verneem van daardie ander kind."

Beantwoord die volgende vrae:

- 3.1 Waarom was Benjamin en die Komoetie gesin in die aanhaling hierbo so ontsteld? Verduidelik volledig. (2)
- 3.2 Wie was die "lange"? (1)
- 3.3 Wie was "daardie ander kind" na wie die lange hierbo verwys? (1)
- 3.4 **Die lange en die dikke kom 'n paar maande later vir Benjamin haal om voor die magistraat in Knysna te verskyn.**
- 3.4.1 Noem twee goed wat Fiela inderhaas doen om Benjamin voor te berei vir die besoek aan Knysna. (1)
- 3.4.2 Hoeveel geld gee Fiela vir Benjamin saam? (1)
- 3.4.3 Hoe leer Fiela vir Benjamin moet hy die magistraat in Knysna aanspreek? (1)
- 3.5 Voltooi die volgende stelling:
- Omdat hulle nie vir Benjamin terugbring het plaas toe nie, het Fiela _____ keer Knysna toe geloop om uit te vind wat met Benjamin gebeur het. (1)
- 3.6 Verduidelik volledig hoe dit gekom het dat Barta van Rooyen vir Benjamin in die magistraatskantoor uitgeken het as haar "verlore" seun. (2)

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Tweede Vraestel

Die magistraat het gesê hy is van nou af weer wit. Hy was nog altyd wit. En hulle hoef nie te dink hy sou in daardie bos bly nie; hy is nie 'n olifant nie. Hy sou uitvind met watter pad hulle gekom het en hy sou huis toe loop al neem dit hom 'n week om daar te kom.

- 3.7 Gee die name van Lukas se twee Van Rooyen broers. (2)
- 3.8 Noem EEN rede waarom Elias vir Lukas, kort na hy in die Bos aangekom het, met die osriem geslaan het. (1)
- 3.9 **Elias van Rooyen het probeer om olifante te vang.**
- 3.9.1 Is bostaande stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 3.9.2 Motiveer jou antwoord in vraag 3.9.1. (1)
- 3.10 Watter boer wat naby Fiela bly, probeer help om Benjamin te vind? (1)
- 3.11 Pas die name in Kolom A by die stellings in Kolom B. Skryf net die vraagnommer en korrekte letter (A. tot D.) neer:

Kolom A	Kolom B
3.11.1 Emma	A. gebore toe haar pa in die tronk was
3.11.2 Kittie	B. 'n roeier van Knysna
3.11.3 Tant Malie	C. woon op Barnard-se-eiland
3.11.4 Book Platsie	D. besluit oor Benjamin se toekoms
3.11.5 Goldsbury	E. trou met 'n lekeprediker

(5)

- 3.12 Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN woord in te vul. Skryf net die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer:

Nadat Lukas in Knysna aangekom het, is hy vasbeslote om werk te kry by die man wat hy met die vlae sien werk het. Hy was klaar met die Bos! **3.12.1** _____ (naam) wil hom egter nie werk gee nie.

Lukas ontmoet vir Kaliel September, wat soms in die **3.12.2** _____ roei, maar wat ook geld maak met **3.12.3** _____ uithaal en verkoop. Lukas aanvaar die eksentrieke Kaliel se aanbod van blyplek en kos in ruil vir **3.12.4** _____ met sy werk en hy trek by hom in sy aanmekeargelapte huisie by Coney Glen in.

Kaliel se groot begeerte is om 'n **3.12.5** _____ te word, maar sy skeel oog tel teen hom – die matrose glo dat dit 'n "bose oog" is wat ongeluk bring.

Lukas gaan na die huis van **3.12.6** _____ om te hoor of Nina nog daar by haar werk. Hy vind egter uit dat die ou dame nie weet waar sy is nie.

Veel later vertel Kaniel vir Lukas dat hy vir Nina gesien het. Lukas spoor haar op en vind uit dat sy in die Bos en nou weer in Knysna werk. Lukas besef meteens hoe **3.12.7** _____ Nina is en voel op 'n vreemde manier aangetrokke tot haar.

(7)

3.13 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer:

Die dood van _____ laat Lukas besluit om dadelik Lange Kloof toe te stap.

- A. Tollie
- B. Selling
- C. Dawid
- D. Emma

(1)

3.14 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Jy moet elke keer 'n rede vir jou antwoord gee:

3.14.1 Benjamin / Lukas leer homself op die dam op Wolwekraal roei.

(2)

3.14.2 Fiela reken dat Elias die enigste persoon is wat vir Lukas kan sê of hy 'n Van Rooyen is.

(2)

3.15 Kies die korrekte antwoord van dié tussen hakies:

3.15.1 Hierdie roman word uit die oogpunt van 'n (eerstepersoonsverteller / derdepersoonsverteller) vertel.

(1)

3.15.2 Benjamin besluit teen die einde om (permanent / tydelik) terug Lange Kloof toe te gaan.

(1) [35]

OF

VRAAG 4

Jy hou nie aan met skop teen 'n klip nie, veral nie as die klip 'n berg is en jy hom nie kan roer nie. Daar is dinge wat jy kan verander en dinge wat jou verander. Nadat hy besef het dat hy Lukas van Rooyen is en dit so aanvaar het, het dit beter gegaan. Hy het op sy eie manier lief geword vir die Bos. Die Bos het sy eie manier van leef; dit is die plek waar jy Sondaar alleen kan wees om jou loop te kry en jou lyf te laat rus en te laat reguit kom na die week se kromstaan op die steier. Hy het die Bos leer ken: sy paaie, sy giere, sy gevare. In die Bos het hy geleer dat ongelukkigheid iets is waaraan jy gewoon raak of dat dit later verbygaan.

Hierdie roman speel af in VIER ruimtes: die Lange Kloof in die karoo, die Knysna Bos, die dorp Knysna en die beengrotte by Coney Glen naby Knysna.

Skryf nou 'n opstel van 250 tot 300 woorde oor hierdie **vier ruimtes** en watter rol dit in die lewe van Benjamin/Lukas gespeel het.

Jou opstel moet 'n **inleiding** en 'n **slot** bevat.

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

GROOTTOTAAL: 70 PUNTE
